die koeie die volgende jaar ook 'n beter kalf lewer; beter besetting danksy 'n sterker, gesonder koei.

Die koeie gaan in hul tweede trimester in wanneer die fosfaatbehoefte groter word en 'n lek betyds voorsien moet word. Koeie wat dan nog nie dragtig is nie, kry weer 'n kans by die bulle.



Brahmane by een van die veeposte by Nietverdiend. Loriza is in 1967 geregistreer en is die oudste Brahman-kudde in Suid-Afrika.

## Gesogte kudde

Die kommersiële Brahmane loop by Nietverdiend, Zeerust, Lichtenburg en Mosselbaai. Dieselfde bestuursbeginsels en gedragskode geld as met die stoetbeeste, met die enigste verskil dat die kommersiële koeie in troppe van honderd wei. Wat arbeid betref, is dit ekonomieser. Die stoetkoeie loop in troppe van dertig.

Louis se teeldoelwit met die kommersiële koeie is om osse op die veld te produseer wat hy in sy eie voerkraal afrond en aan groothandelaars verkoop. Sy kommersiële vroulike diere is oral in aanvraag, ook in ander lande binne die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap.

Die saaiery is hoofsaaklik by Lichtenburg. Louis plant net mielies om kuilvoer vir die voerkraal te maak en graan wat hy verkoop.

By Mosselbaai bedryf hy 'n boerdery met Dohne-Merino's vir vleis- en wolproduksie. Hy voer self die speenlammers en verkoop hulle aan abattoirs.

Louis het ook 'n wildboerdery by Nietverdiend waar jagters in 'n jagkamp bly met geriewe om die karkasse te verwerk en in 'n koelkamer koud te hou. **LBW**

NAVRAE: Louis Meyer, **082 925 3829**, e-pos: **loriza@truenw.co.za**, web: **www.loriza.net**


